

Oor die afgelope drie jaar sou julle sien, hoor en lees dat ons Here ons voor nuwe uitdagings in die bediening bring. Soos ons al voorheen geskryf het, is die uitdaging om meer en meer by ons gemeenskap buite die kerk betrokke te wees, al hoe dringender. Die wonder hiervan is dat ons in die eerste plek weer vir onself moes afvra oor hoe ons voel oor die gemeenskap waarbinne ons bedien. Natuurlik is ons lief vir die Kaap, vir die see, vir Blouberg en die mense met wie ons maklik assosieer. Om saam met ons geliefdes te worstel as daar seer is, fees te vier as daar vreugde is en ons Here te aanbid by 'n wonderlike voorreg!

Die vraag was en is, of ons met die veranderings in ons gemeenskap kan vrede maak. In ons kontak met leraars en kerkrade naby ons en selfs verder, beleef ons 'n ontevredenheid, selfs 'n weerstand teen die veranderings in hul gemeenskappe. Ons gemeenskap verander vinnig en voortdurend. Ons omgewing is meer dig bevolk, meer kosmopolitaans, meer multikultureel en die verkeer word al hoe erger. Wat ons by die Here hoor is nie net of ons die veranderings kan verdra of akkommodeer nie, maar kan lief hê. Kan ons eerlik vir die Here sê dat ons dankbaar is vir die nuwe tye en nuwe uitdagings. Is ons eerlik op soek na leiding om mense te bedien met Jesus se liefde, al moet ons gereeld ons tyd, ons prioriteite, ons drome en ons begroting daarby aanpas? Die antwoord was maklik, "Ja!".

Die wonder hiervan is dat ons selfs meer ons afhanklikheid van die leiding van die Heilige Gees besef as ooit. Ons glo dat die Heilige Gees ons wil deel maak van Sy plan om aan ons gemeenskap Jesus se liefde te bedien. Hy seën 'n verskeidenheid van kerke en ander organisasies ter wille van ons gemeenskap. Ons gebed is om daarvan deel te wees. Dit herinner ons aan die Halleluja liedjie: "Wyl U ander seën Heiland, seën ook vir (my) ons."

Daarom praat ons so baie van al die Diensgetuieis projekte, die werk uit die maatskaplike werker se kantoor, ons gesamentlike bedienings met Table View gemeente ens. Vir meer inligting hieroor kyk asseblief op ons webwerf www.ngkbloubergstrand.co.za en op ons Facebook blad. Hierdie nuwe uitdagings en geleentede het ook 'n invloed op ons eredienste. Ons ontdek nog 'n kant van die hart van die Here wat vroeër vir ons minder bekend was, en vind dit geweldig opwindend. Dit voel ook gereeld of ons opnuut iets verstaan van die oorsprong van ons gereformeerde kerk wees. Soms ervaar ons 'n terugkeer na 'n selfs meer eenvoudige teologie, met aanbidding en versorging as die enigste motiverings.

Soos ons ook reeds vroeër geskryf het, is ons baie dankbaar dat ons die laaste drie jaar ook met eerlikheid kan sê, dat ons jaarliks genoeg fondse het om te doen wat ons glo die Here ons lei om te doen. Daar is verskeie redes daarvoor. Die seën van die Here bly die primêre rede. Daarmee saam gaan betroubare rentmeesterskap, 'n konserwatiewe begroting, verantwoordelike prioritisering en die vertrouwe van die lidmate van die gemeente.

‘n Dekade terug het ons begin droom dat ons ‘n tiende van ons begroting na buite te kon bestee. Dit was juis toe dat ons begin het om gemeentelede uit te nooi om ter wille van hierdie droom ons hierdie tyd van die jaar te seën met ‘n tiende van ‘n tiende van ‘n maand se inkomste as ‘n buitengewone dankoffer. Ons besef dat die meeste gemeentelede op verskeie ander wyses reeds bydra. Daar is wel elke jaar ‘n deel van die gemeente wat juis op hierdie uitdaging wag en daarop reageer. So hier is die uitdaging dan weer. Tiende maand dankoffers kan per elektroniese betalings (EFT) direk in ons bankrekening gemaak word of per kontant in die koevertjie wat voorsien word, wat dan by die Kantoor ingegee kan word of sommer in die kollekesakkie gegooi kan word. Ons verseker almal dat hierdie fondse vir hierdie bedienings na buite beskikbaar is. Die waarheid is eintlik dat, as ons die gemeente se bydrae tot bedienings wat sinodaal versorg word bytel, ons dertig persent van ons jaarlikse begroting buite ons gemeente spandeer. Ons verseker ook net weer dat enige lidmaat insae het tot die gemeente se geouditeerde verslae.

2017 is vir seker nog nie verby nie. Die koor oefen elke Dinsdag aand met die oog op die Kerssangdiens van 26 November. Elke jaar is dit ‘n hoogtepunt. Op 12 November sluit die jeugbedienings af. Dit gaan soos gewoonlik met groot feestelikeheid gepaard. Een van die hoogtepunte is om daardie aand nagmaal te hou saam met ‘n groep jongmense wat, na jare se katkisasie, besluit om belydende lidmate van die kerk te word. Einde Oktober vier ons saam met miljoene ander gereformeerdes reg oor die wêreld die 500ste jaar na die reformasie. Ons verlustig ons weer in die skoonheid van die oorspronklike leerstellings wat 500 jaar terug ‘n terugkeer na ‘n vrye en spontane aanbidding van ons Here herstel het. Prof. Fanie Snyman kom kuier op 5 November by ons. Hy is professor in Ou Testament en die dekaan van die Teologiese fakulteit aan die UOVS. Ons gaan by albei oggend dienste nagmaal vier. Let met ander woorde daarop dat ons die nagmaal van die 29ste Oktober se 08h30 diens met ‘n week gaan aanskuif.

Die kinders moet onthou van die pretweek wat 11 tot 13 Desember by die kerk gehou gaan word. Dit belooft om weer eens groot pret te wees. Die kerkkantoor sal gesluit wees vanaf 22 Desember 2017 tot 08 Januarie 2018. Die leraars gaan ook al drie ‘n blaaskans kry, maar daar sal altyd ten minste een van hulle aan diens wees. Daar sal weer soos gewoonlik op Kersdag twee eredienste wees. Let op dat die tye anders is as gewone Sondag eredienstye. Op Kersdag is die eredienste 08h00 en 09h30. Daar is nie hierdie jaar ‘n spesiale Oujaarsdagdiens nie, want dit val op ‘n Sondag. Die gewone aandiens sal wel voortgaan.

Ten slotte weer ‘n baie groot dankie. Dankie vir al die saam praat, lag, sing, huil en aanbid. Dankie vir die vertrouwe en die lewenstories. Mag Kersfees vreugde en herstel bring. As Kersfees hartseer inhou, kom deel dit met ons, moet asseblief nie gedurende Kersfees eensaam wees nie.

Bankbesonderhede:

NG Kerk Bloubergstrand, ABSA, Tjek rek nr: 327 014 0539, Takkode: 334409, Verw: 10de Maand

“Al wat van belang is, is geloof wat in liefde tot dae oorgaan.”

Gal 5:6b

Namens die kerkraad

Ds Thinus

Ds Elmarie

Ds Marietjie